### *Die werklikheid van die gesamentlike droom*

**145** **Die hoofman** begin hom baie behoedsaam van die grond op te rig en sê: "Majesteit en Meester! Vóór alles wil ek U dank dat ek nog op hierdie hoogte leef! Hoe maklik sou ek, deur my driemaal om te draai, na benede in die diepte kon stort, en dan sou my armsalige lewe in hierdie wêreld vir goed beëindig gewees het! Maar ek leef nog, en wel op dieselfde plek waar ek gister gaan rus het, en dit het ek slegs maar aan U te danke, en daarom dank ek U ook uit die diepste grond van my hart daarvoor! Ek vra U egter tewens vurig of U my en al die ander van hierdie ysingwekkende hoogte behoue sou wil laat afdaal na Genésaret, en wel so gou as moontlik, want solank ek my in my hart nog besig moet hou met die afdaling, kan daar by my van opgewektheid geen sprake wees nie!"

[2] **Ek** sê: "Beste vriend, het jy in hierdie nag dan heeltemal niks gedroom nie?"

[3] Die hoofman sê: "Ja, ja, juis, ja, - slegs van angs sou ek byna die heerlike droom vergeet het! Ja, as hierdie berg so sou wees soos ek hom gister in my droom gesien het, dan sou dit natuurlik aangenaam wees om hom nog `n duisend keer te bestyg, maar `n droom bly `n droom!"

[4] Die naas hom staande **Ebahl** sê: "Glad nie, vriend! Ek sê vir jou dat ons gesamentlike droom hierdie keer heeltemal werklikheid geword het. Staan op en loop na die rand van die top, dan kan jy jouself oortuig dat ons berg selfs na die kant van die see heelwat golwend afloop en orals sonder die minste gevaar begaanbaar is, na benede en na bo! Ek het my orals al daarvan oortuig en praat die volle waarheid. Kom en oortuig jouself!"

[5] **Die hoofman** sê: "Dit kan tog geen gesigsbedrog wees nie, kan dit?"

[6] **Ebahl** antwoord: "As ek, my vrouens en my kinders alreeds op die gesigsbedrog in al die rigtings rondgeloop het, dan sal jou gesigsbedrog tog sekerlik vaste grond hê!? Kom, staan op en oortuig jouself daarvan!"

[7] Na hierdie woorde staan die hoofman uiteindelik op, kyk na alle kante toe, sien eerstens dat die plato van die berg baie wyd geword het en sê: "Ja, ja, ek sien werklik dat daar in die nag wonderlike groot veranderinge voorgekom het, maar stap jy tog maar eerste op die nuwe bodem, sodat ek my kan oortuig of dit regtig betroubaar is!"

[8] **Ebahl** sê: "Vriend, hoeseer ek jou andersins ookal waardeer, tog is jy besig om my deur jou onophoudelike getwyfel teë te staan! Is my woord vir jou dan heeltemal niks meer werd nie? Wanneer het ek ooit iets onwaar vir jou gesê, sodat jy my woord nie kan glo nie? Kom hier en probeer dit self, en twyfel dan nie meer verder nie!"

[9] **Die hoofman** sê: "Ja vriend, ja, jy het gelyk! Ek sal my self daarvan oortuig."

[10] Nou gaan **die hoofman** met kalm treë na die rand aan die kant van Genésaret, en toe hy die gowende helling van die berg sien, sê hy baie verbaas: "Ja, die hele berg is ook hier verskuif! Toe ek gister vanaf hierdie rand na benede na Genésaret gekyk het, het dit vir my so naby gelyk dat ek dit met `n klipgooi sou bereik, en nou lê dit goed honderd veldweë hiervandaan, en ons sal `n uur of ses moet loop om onse goeie stadjie te bereik!

[11] Nee, wie nou nog enige twyfel het dat ons JaHshua gelyktydig Elohim en Mens is, die is deur geen Elohim meer te help nie! Ja, broer Ebahl, jy het volkome gelyk om my `n aaklige twyfelaar te noem, want dit was ek regtig! Maar nou het alle twyfel by my aan `n einde gekom, en ek glo en bevestig nou vir julle almal met `n eed, dat ons Meester en Verlosser JaHshua, volmaak Elohim is en dat daar naas Hom in ewigheid geen tweede of derde kan bestaan nie, want omdat wat ek gedroom het waar is, sal al die ander ook waar wees! En dus is Hy die enigste Elohim en Meester oor die hele oneindigheid!

[12] Maar nou gaan ons na Jarah - sy moet ons haar twee aandenkings laat sien! Want ek het haar op die bodem van die see, toe `n hemelse gees die water daar tot op die laaste druppel opgehef het, `n mooie pêrelmossel sien opraap en in haar romp bêre, en ek het ook die ligtende steen gesien wat sy uit `n sonnewêreld saamgebring het, waar die hemelse gees haar heen geneem het. As die twee genoemde voorwerpe net so werklik aanwesig is as hierdie vernieude berg, dan het ons meer bewyse as wat ons nodig het!"

### *Jarah toon haar aandenkings*

**146** Na hierdie woorde gaan die hoofman en Ebahl na Jarah en vra haar om die twee bewuste herinneringstekens te laat sien.

[2] En die liewe **Jarah** gryp dadelik in die groot rompsak, loop beide tegemoet en sê: "Hier, kyk maar, liewe Julius, hier het jy die twee tasbare bewyse! Glo jy dit nou en sal jy nou tog die ewige angs in jou laat vaar?"

[3] **Die hoofman** sê: "Ja, liewe kleine Jarah, my geloof is nou vaster as hierdie berg en my hinderlike angs het met die hulp van die almagtige Meester ook vir altyd verdwyn - daarvan kan jy verseker wees! Maar jou aandenkings is ook van onskatbare aardse waarde. Die mossel met haar inhoud weeg op teen die waarde van die hele Jerusalem, want hy bevat vier en twintig pêrels die grootte van `n klein hoendereier, waarvan één daarvan al honderd duisend pond goud werd is! Maar watter waarde hierdie baie harde, deursigtige en mooier as die môrester skitterende steen het, is op aarde geen maatstaf daarvoor nie! Kortom, jy is nou nie net geestelik nie, maar in `n wêreldse opsig die rykste meisie ter wêreld! Waarlik, jy is nou nog ryker as alle konings en keisers van die wêreld! Wat dink jy daarvan?"

[4] **Jarah** sê baie beskeie: "Daaraan vind ek niks nie, en hierdie twee aandenkings het vir my geen ander waarde as dit waarvoor ek hulle saamgebring het nie, naamlik as herinnering aan die onbeskryflike wonderdade van Elohim aan ons arme, swakke en sondige bewoners van die stad en die omgewing van Genésaret.

[5] Die Meester sal nie altyd liggaamlik in ons midde bly nie, soos wat Hy dit gister al baie duidelik aan my gesê het, maar hierdie tekens sal ons in ons harte altyd baie lewendig aan Hom laat dink en ons liefde vir Hom opnuut aanwakker! - Dit sien ek.

[6] Maar die Meester het nog `n teken vir my agtergelaat uit hierdie wondernag, wat vir my eintlik die helderste dag was! Die teken bly ook sigbaar en later onsigbaar by my tot na `n bepaalde tyd as ek waardig daarvoor bly, om dan weer sigbaar vir my te word."

[7] Vader **Ebahl** vra: "Wel, waar het jy die teken dan? Wil jy dit nie vir ons laat sien nie?"

[8] **Jarah** sê, met die engel Rafael langs haar: "Hier, hier by my staan hy, as u niks daarteen het nie!"

[9] **Ebahl** sê, terwyl hy die engel van top tot tone bekyk: "Dit is beslis `n nog kosbaarder aandenking! Maar ek is bang dat jy veels te gou tot oor jou oë en ore op hierdie egter té pragtige jongman verlief sal raak; en as hy dan onsigbaar word, sal jy van suiwer verdriet blind en doof word!"

[10] **Jarah** sê: O bekommer u maar oor ander dinge! Wie Elohim die Meester eenmaal so liefhet soos ek, vind alle hemelse skoonhede so belangrik asof hulle nie bestaan nie! Maar ek hou ook baie van die jongman, want hy is baie wys en buitengewoon sterk, magtig en vinnig!"

[11] **Die hoofman** vra: "Waar het hy dan vandaan gekom? Ek kan my nie herinner dat ek hom ooit in Genésaret gesien het nie, en tog is hy in die kleredrag van hierdie plek geklee! Ek bewonder sy suiwer, vriendelike en tewens baie sagte trekke! Sy manier van doen het `n baie grasieuse sjarme! Hoe teer, sag, rein en buitengewoon mooi gevorm is sy voete nie?!

[12] Die geskikte broek wat tot op die knieë reik, met blinkende wit hemp, en oor sy skouers hangende geplooide jas van blou stof, pas hom ook so besonder goed, dat mens hom egter niks meer smaakvol sou kon voorstel nie, en die ronde hoedjie op sy hoof versier sy pragtige hoof op `n heeltemal onbeskryflike manier! Werklik, ek sou hierdie innemende jongman niks kon weier nie! Hy sou ongestraf `n keiserryk van my kon afneem as hy my slegs maar daarvoor sal liefhê!

[13] Nee, hoe langer ek hierdie mens beskou, hoe mooier en aantrekliker kom hy my voor! Sy ouers is wel geseënd te prys dat hulle so `n seun het, en jy, liewe Jarah, kan jou vir so `n geskenk wel buitengewoon geseënd prys! As daar êrens ter wêreld nog so `n jongeling te kry sou wees, dan sou ek egter al my skatte en landerye daarvoor gee!

[14] Maar wat gaan jy nou met hierdie mooie jongman doen? Jy is weliswaar ook `n baie mooi liewe meisie, maar die jongman oortref jou tog talle kere in skoonheid. Jy is nou byna dertien jaar en die jongman sal sestien wees. As hy jou man word, waarmee ek geen probleem het nie; sal hy maar net `n speelkameraadjie van jou bly, dan sal jou lig ontvlambare hartjie beslis baie gou in `n groot verleentheid kom! Maar sê jy maar eens waarvoor jy hom sal gebruik!"

[15] **Jarah** sê: "U praat wat u verstand u ingee, omdat u die gees nie ken nie! Hierdie jongman sal tot en met my sestiende jaar my beskermer en leidsman wees, en hy sal my onderrig in die Wysheid van Elohim se hemele - en u ook, as u na hom sal wil luister!"

[16] **Die hoofman** sê: "Maar dan sal hy tog na jou sestiende jaar wel jou man word?"

[17] **Jarah** sê: "O beste Julius, dit was weer `n vraag van u wat ek nie in dank van u kan aanneem nie! Het ek dan nie vir u alreeds in die begin gesê dat hierdie jongman na my sestiende jaar my vir `n tyd lank sal verlaat nie, soos wat die Meester dit bepaal het nie? Dit sal my egter nie skeel nie, want my hart behoort heeltemal aan die Meester, wat ewig by my sal bly! Maar as my hart `n eiendom van Elohim is, kan dit nie ook nog eendag die eiendom van `n ander word nie!

[18] **Ebahl** sê: "Ja, ja, my liefste dogter, daarmee het jy nou heeltemal gelyk! Maar jou jare het nog nie gekom nie; maar as hulle sal aanbreek, sal jy `n harde stryd met jou liggaam moet stry! Dit is my wens dat jy die baas daaroor sal word!"

[19] **Die hoofman** voeg daaraan toe: "Ja, ja, jou vader het gelyk! Nou is jy nog maar `n kind, en dit brand al in jou hartjie soos in `n kalkoond! Sy besit nou weliswaar die hoogste wat sy kan verlang, en sy kan nie meer na iets minder snak nie. As die Hoogste egter, om jou gewete te beproef, Hom uit jou hart sal terugtrek, dan sal jou hart honger na liefde! En as sy hierdie spys lank sal moet ontbeer, dan sal sy weldra haar lang arms na ander voorwerpe uitstrek om haar te versadig! Want hoewel die honger van die maag pynlik is, is die honger na liefde tog nog duisend maal pynliker.

[20] Kyk nou maar na `n veldheer wat `n liefdelose tiran vir sy ondergeskiktes is! Almal sal hulle in `n vooruitsiglose toestand bevind, en as hulle vir hom in die stryd moet gaan, sal hulle hul oorgee aan die vyand om daardeur van hul liefdelose meester verlos te word. Toon `n wyse veldheer egter dat hy sy ondergeskiktes liefhet soos `n vader sy kinders, dan kan die vyand kom en dan sal hulle met al hul moed en met die grootste selfverloëning hul geliefde veldheer tot die laaste bloeddruppel verweer en die vyand vernietig!

[21] Ja, allerliefste Jarah, die liefde is baie sterk en het steeds wyse leiding nodig om te voorkom dat sy haarself uiteindelik verteer!"

[22] Na `n oomblik sê **Jarah** nadenkend: "Ja, ja, u kan daarmee weer nie heeltemal gelyk hê nie, maar van die Meester moet mens tog wel aanneem dat Hy geen tirannieke veldheer sal wees oor `n hart wat Hom bo alles liefhebbend wil wees nie!?"

[23] **Julius** sê: "Dit nou juis nie! Maar - wat ek my herinner van wat Hy vannag aan jou gesê het - Hy is en bly Elohim, en die menslike gees kan Hom dan die hele tyd nader as hy hom met sy kragte self gevorm, ontwikkel en staande gehou het, waarby hy tydens hierdie selfontwikkelingsperiode deur Hom geheel en al aan homself oorgelaat word! As dit egter so is, dan is Elohim in die periode noodsaaklikerwys `n tiran met `n blinddoek voor en verstopte ore! En as jy deur die tydperk wat deur Homself aangekondig is sal kom, dan my allerliefste Jarah, sal ons verder daaroor praat!"

[24] **Jarah** sê: "Ek vertrou en glo vas dat Hy my ook dan nie alleen sal laat nie!"

[25] **Die hoofman** sê: "Dit is ook haas nie aan te neem nie, omdat jy ons al ver vooruit is, maar jy sal sien hoe jou groot liefde vir Hom ook gedurende `n klein en kort periode waar jy alleen gelaat sal wees, so swaar soos `n berg op jou sal druk! - Maar nou gaan ons na Hom toe, want Hy lyk van plan om iets te doen!"